Zweliyandile High School

ZHS wen wegwedstryd

ZWELIYANDILE High School was genadeloos met sy oorwinning oor erfvyand Ntsokotha High School. Dit was die vierde keer in vier jaar dat hierdie twee kragte meet. Eerste Nasionale Bank het met uil-oë van die kantlyn af spelers uitgekies vir 'n gekombineerde span.

Die wedstryd het op 'n hoë noot begin maar byna onmiddelik bedaar tot 'n doodstaar, almal bang om 'n fout te maak. Maar na tien minute se trapsuutjierugby het Zweliyandile van strategie verander... deur nóg minder te doen. Zweliyandile breier Mtobeli Kweliti sê toe hy sien dat die twee spanne dieselfde speelplan volg het hy besluit om oor te skakel na 'n ander strategie: 'n Uilvretermuis wat vir die uil wag om 'n fout te maak. Kweliti verduidelik: "Omdat dit vir ons 'n wegwedstryd was, en ons nie die ondersteuning van ons mense gehad het nie, het ek geweet hulle gaan vir ons kom, toe sê ek vir die seuns hulle moet terugval, en eerder wins trek op die opponente se foute.

Die besoekers het daarin geslaag om by die plan te hou met lakwerk uit die boonste rakke.

Die puntebord het wakkergeskrik toe Zweliyandile 'n onverwagse oproering in die middel veroorsaak terwyl die losskakel links losbreek vir 'n drie. Na die drie het Ntsokotha 'n aanval van 'n jaloerse god geloods, maar Zweliyandile was onverskrokke en het byna moeiteloos walgegooi.

Tweede helfte het Ntsokotha kaptein Monde Iccarus oor die doellyn sien kruip, maar die besoekers het bloed geproe en minute later het die telling op 7-14 gestaan. Dié onderonsie het homself herhaal en die eindtelling was 14-21.

Twaalf seuns van Zweliyandile en tien van Ntsokotha is gekies vir die 22-man FNB span.

"Rugby in hierdie land sal floreer namate die blankes transformasie as iets positiefs eerder as 'n struikelblok beskou. Kyk maar wat Nieu-Seeland alles bereik het deur die talent van die eilandbewoners te ontgin nadat hy op 'n geïntegreerde toekoms besluit het. As ons hierdie benadering volg, sal ons byna oornag uitblinkers hê."

— Cheeky Watson